higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 2

(6021032)

28 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

410Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 'n Ongeluk is 'n gewenste gebeurtenis wat kan voorkom en tot verlies kan lei.

1.1.2 Gereedskap moet skoongemaak voordat dit gestoor word.

1.1.3 BGV is die afkorting vir die Wet op Beroepsgemak en -veiligheid.

1.1.4 Persoonlike higiëne is belangrik om te voorkom dat kieme tussen personeel oorgedra word.

1.1.5 Elektriese skok kan noodlottig wees.

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan hoedat die positiewe en negatiewe aansluiters aan 'n battery geïdentifiseer word. (4)

1.3 Olie in 'n voertuig behoort teen die gespesifiseerde diensintervalle verander te word. Noem enige VIER funksies van enjinsmeerolie. (4)

1.4 Gee TWEE voordele van goeie huishouding. (2)

1.5 Noem EEN onveilige toestand wat in 'n werkswinkel vermy moet word. (1)

1.6 Dui aan of die volgende komponente BINNE-IN of BUITE aan 'n enjin voorkom.

1.6.1 Verbindingspen

1.6.2 Oliefilter

1.6.3 Koppelstang

1.6.4 Petrolpomp

1.6.5 Silinderhuls

(5 × 1) (5)

1.7 Wat is die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid? (1)

[22]

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE tipes oliepompe wat in motorvoertuigenjins gebruik word. (3)

2.2 Gee TWEE belangrike redes waarom rekords oor ongelukke en insidente bygehou word. (2)

2.3 Noem enige VYF gereedskap of toerusting wat tydens die versiening van 'n voertuig nodig is. (5)

2.4 Gee EEN belangrike rede waarom PBT gedra moet word wanneer 'n mens met batterye werk. (1)

2.5 Noem VIER tipes binnebrandenjins. (4)

2.6 Gee een term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.5) in die ANTWOORDBOEK.

termostaat; aluminium; verkoeler; battery; teenvriesmiddel

2.6.1 Materiaal wat die massa van 'n velling verminder.

2.6.2 Primêre bron van elektrisiteit in 'n motorvoertuig.

2.6.3 Een van die funksies is om roes in die stelsel te voorkom.

2.6.4 Dien as 'n warmteruiler.

2.6.5 Reguleer die verkoelingstelsel om vinnige verhitting te verkry.

(5 × 1) (5)

2.7 Watter VIER belangrike komponente moet nagegaan word om te verseker dat 'n voertuig in 'n padwaardige toestand is? (4)


2.8 Gee DRIE voordele van hystoerusting in ’n motor voertuigwerkswinkel. (3)

[27]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Verwys na FIGUUR 2 hier onder van 'n koeëllaer en beantwoord die volgende vrae (3.1.1–3.1.2) in die ANTWOORDBOEK.



FIGUUR 1

3.1.1 Benoem die onderdele wat (A–D) gemerk is deur slegs die antwoord langs die letter in die ANTWOORDBOEK te skryf. (4 × 1) (4)

3.1.2 Gee die funksie van die komponente wat in FIGUUR 1 getoon is. (1)

3.2 Verduidelik VYF funksies van bande kortliks. (5)

3.3 Beskryf TWEE take wat gedoen kan word om persoonlike higiëne in die werkswinkel te bevorder. (2)

3.4 Gee EEN funksie van elk van die volgende enjinonderdele:

3.4.1 Suier

3.4.2 Krukas

3.4.3 Koppelstang

(3 × 1) (3)

3.5 Verduidelik VYF goed wat gekontroleer moet word wanneer 'n visuele inspeksie aan 'n battery gedoen word. (5)

[20]

VRAAG 4

4.1 Waarom is dit belangrik om 'n padtoets te doen nadat die versiening van 'n voertuig voltooi is? (3)

4.2 Noem die instrument wat gebruik word om vonkproppe tydens 'n versiening te verwyder. (1)

4.3 Noem die spesiale instrument wat vir elk van die volgende take gebruik word:

4.3.1 Stel van die klepspeling

4.3.2 Toets van die silinderkompressiedruk

4.3.3 Om oliefilters aan voertuie te verwyder

4.3.4 Om silinderkopboute tot die korrekte spesifikasies aan te draai

(4 × 1) (4)

4.4 Noem VYF kontroles wat tydens die voorinspeksie in die enjinkompartement van 'n voertuig uitgevoer moet word. (5)

4.5 Aan watter veiligheidsmaatreël moet altyd voldoen word voordat 'n vierpaalhyser laat sak word? (1)


[14]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik waarom 'n wringsleutel gebruik word om boute aan te draai. (1)

5.2 Noem DRIE afmetings wat met 'n noniuspasser geneem word. (3)

5.3 FIGUUR 2 hier onder toon die onderdele van 'n verkoelingstelsel. Benoem die onderdele (1–5) in die ANTWOORDBOEK. (5)



[Bron: *www.google/images.co.za*]

FIGUUR 2

5.4 Noem die SI-eenheid en simbool vir elk van die volgende:

5.4.1 Spanning

5.4.2 Stroom

5.4.3 Weerstand

(3 × 2) (6)

5.5 Noem TWEE tipes skroewedraaiers. (2)
[17]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou